KLOFIE KONSERTORKES 2016

Daar is talle leerders in ‘n skool wat nie aan die algemene spansporte byvoorbeeld rugby, netbal en krieket deelneem nie. Hoe word hierdie leerders geakkommodeer en die geleentheid gegee om dieselfde gebondenheid en aanvaarding te beleef, die gevoel dat hulle deel is van iets groter as net hulself? Om ook lojaliteit teenoor spanmaats te voel? Om deel te wees van die Klofie Konsertorkes gee leerders die perfekte geleentheid om deel te wees van ‘n span wat op ‘n gesonde sosiale wyse funksioneer. Lede bou verhoudinge en netwerke wat sommiges die res van hulle lewens kan behou.

Hoërskool Waterkloof Konsertorkes is in 2004 deur Danie Smith gestig en sederdien sluit daar jaarliks heelwat lede sonder enige musikale agtergrond aan! Die Klofie Konsertorkes aanvaar leerders van enige laer- of hoërskool in Gauteng wat daarin belangstel om deel te word (die jongste lid tans 12 jaar oud). Die orkes het jaarliks tussen 32 en 40 lede en die meeste tipe musiekinstrumente word bespeel. Die musiekrepertoire bestaan uit ‘n wye verskeidenheid van genres byvoorbeeld klassiek, pop, rock, jazz en kontemporêr.

Danie Smith was vanaf 2004 tot 2013 die afrigter en dirigent. Met sy uittrede en tot in 2014 was Peter van der Poel, Jaco van Staden en Matthys Pienaar by afrigting betrokke. In 2015 het Eddie Clayton die leisels as dirigent en afrigter oorgeneem en Henriette Booyse is aangestel as bestuurder wat ook verantwoordelik is vir die administrasie van die orkes. Jaarliks word ‘n hoofleier en leiers deur die orkeslede verkies wat die geleentheid vir leierskapontwikkeling bied.

Vir ‘n orkes om goed te klink, moet al die lede harmonieus saamwerk na ‘n enkele doel (vertoning of kompetisie) en dit vereis van elke lid om die bladmusiek te leer, oefeninge by te woon asook tuis te oefen. Hieruit kan gesien word dat deelname, spanwerk en dissipline vereis word om sukses te behaal.Lede leer hoe spesifieke detail presies bymekaar gevoeg word en wat goeie, teenoor middelmatige, gehalte behels, aangesien hulle onmiddelik die resultate kan hoor. Met musiek is die instrument gestem of nie, die note goed gespeel of nie. Dit is slegs deur baie harde werk dat ‘n suksesvolle vertoning moontlik is. Orkeslede leer die waarde van uithouvermoë en ervaar die konkrete beloning van hulle harde werk asook die genot en satisfaksie daarvan.

Die orkes is in Mei 2006 uitgenooi (die eerste orkes vanuit Afrika) om Suid-Afrika in Orlando, VSA tydens die American All Stars International World Music Competition te gaan verteenwoordig. Die orkes wen hierdie wêreldkompetisie in die AAAA-kategorie en wen ook die ***Esprit de Corp***-trofee vir beste algemene indruk en verhoogdissipline.

29ste OIK Internasionale Jeugmusiekfees, Hahnbach, Duitsland, 2009.

Musiek fokus op ‘doen’ in plaas van om net te observeer, ‘n kritiese vaardigheid in die lewe. Die lede word uitgedaag om hulle vrese te oorkom en om kanse te waag. ‘n Bietjie senuweeatigheid is ‘n goeie ding en deel van die lewe. Deur nou daarmee in aanraking te kom in ‘n veilige, ondersteunende omgewing leer lede hoe om spanning in ander fasette van hulle lewens beter te hanteer. Navorsing toon ook dat deelname aan musiekaktiwiteite die senuweeaansluitings in areas van die brein geassosieer met kreatiwiteit, besluitneming en komplekse geheue, vermeerder.

Sedert hul ontstaan in 2004, het die orkes jaarliks verskeie optredes by die skool, kerke, ouetehuise, kinderhuise en ook optredes op uitnodiging by spesiale funksies. Hulle tree ook in samewerking met ander skole by kultuurgeleenthede op. Aan die begin van elke jaar hou die orkes ‘n kamp waar die nuwe musiekstukke intensief aangeleer en ingeoefen word. Dit is ook die geleentheid waar nuwe lede die dirigent en ou lede beter leer ken om sodoende ‘n hegte eenheid te vorm vir die jaar wat voorlê.

Staatsteater:
Nasionale Jeugkunstefees Gala-aand.

Klofie Konsertorkes 2016

Orkesbestuurder: Henriette Booyse
henriette.booyse@klofies.co.za
012 347 0277
Klofie Konsertorkes

Kultuurderby 2016

UP Etensuurkonsert 2016

V&A Waterfront

Klofie Konsertorkes is by die Suid-Afrikaanse Konsert- en Marsorkesvereniging (SAMOV) geaffilieer. SAMOV is die liggaam wat skole se konsert- en marsorkeste op kompetisievlak laat meeding en die wenners van elke kategorie ontvang Nasionale Kleure. Die orkes se deelname aan die kompetisie is 'n jaarlikse hoogtepunt en voorbereiding om daaraan deel te neem begin reeds aan die begin van elke jaar, met 'n intensiewe oefenweek net voor deelname.

Tydens 2015 se kompetisie wen Hoërskool Waterkloof Konsertorkes al die afdelings waarin hulle gekwalifiseer het!

2015 Uitslag – Kategorie: Ensemble en Konsertorkeste

- Beste Algehele Indruk, Netheid en Konsertdissipline - 95.56%
- Beste Konsertorkes - 89.80%
- Algehele Beste Orkes in die Kategorie - 89.80%
- Algehele Beste Orkes vir die dag (Perkussie, Marsorkeste, Ensembles en Konsertorkeste)
- Beste Dirigent vir die jaar - Eddie Clayton

Om die jaar af te sluit, bied Klofie Konsertorkes 'n baie spesiale Gala-aand waar ouers en ander gaste die jaar se musiek en hoogtepunte saam met die lede en bestuur kan geniet en vier. Die funksie is ook die orkes se jaarlikse fondsinsamelingsprojek.

Opsomming van belangrikste prestasies behaal 2004-2015:

- Algehele Beste Konsertdissipline en Netheid 2004 – 2015 (*Gedurende 2011 word die orkes die eerste orkes wat 100% in hierdie kategorie behaal).*
- Beste Blaasorkes 2004 - 2005.
- Beste Konsertorkes 2006 - 2015.
- Beste Dirigent - Danie Smith 2004-2005, 2008-2009, 2010-2013.
- Beste Dirigent - Eddie Clayton 2015
- Die orkes ontvang 2004 tot 2015 die skool se erekleure en erepenning.
- Nasionale Kleure 2004 - 2015

EDDIE CLAYTON - AFRIGTER & DIRIGENT

Eddie Clayton is 'n bedrywige musiekopvoeder in koperblaas, perskussie, musiekverwerking en begeleiding vir leerders van alle ouderdomme. Sy grootste passie is om met jong musikante te werk en is hy tans betrokke by die afrigting van talle jong orkeste naamlik Cornwall College Orkes, Affies Meisiesorkes, Waterkloof Konsertorkes en die Johannesburg Jeugorkes (waar hy tans hoofdirigent is).

Gebore in Johannesburg in 1974, is Eddie die agterkleinseun van die Britse komponis Horace Barton. In 1993 sluit hy aan by die SANW as Nasionale Diensplig tige en word in 2002 bevorder na Musiekdirekteur, die jongste in die geskiedenis van die organisasie. Eddie se verwerkings en toonsettings word steeds land- en wêreldwyd uitgevoer.

As Franse horingspeler het hy saam met die vernaamste groot orkeste in die land opgetree, insluitende die Johannesburg Filharmoniese Orkes, die KZN Filharmoniese Orkes en die Kamerorkes van Suid-Afrika. Hy was gereeld die mede-hoof Franse horingspeler in die Johannesburg Feesorkes en het saam met kunstenaars soos Josh Groban, Il Divo en Katherine Jenkins opgetree.

Gedurende sy loopbaan was en is hy betrokke by vele produksies: *Huisgenoot Skouspel*, die onlangse *Classics is Groot*, hoofdirigent, komponis en verwerker van die *SA Tattoo* by Monte Casino, *The Sound of Music, My Fair Lady*, *The King and I,* om net 'n paar te noem. Hy ontvang die Naledi-toekenning as Beste Musiekdirekteur vir die musiekblyspel *'Tree Aan!'* in 2011. Een van die hoogtepunte in sy musiekloopbaan was toe hy *Die Skepping Oratorium* by Pretoria Staatsteater gedirigeer en georkestreer het.